

# Verander die wêreld van Finnegan Fish

deur Louise van der Merwe

*Verander die Wêreld van Finnegan Vis nooi jong lesers uit op 'n reis deur verskillende perspektiewe, om te ontdek dat alle lewende wesens die lewe op hul eie unieke manier ervaar.*

*As ons begin sien soos ander sien,*
*sal ons begin om met gevoel, respek en regverdigheid om te gee.*

*Hierdie storie vorm deel van*
***Nature-based Education***
*se **Circle of Sentience-reeks** ter ondersteuning van die insluiting van Dierewelsyn in die United Nations' Rights of the Child*
(GC26 Paragraph 35)
https://docs.un.org/en/CRC/C/GC/26




THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

NatureBased EDUCATION
A DIVISION OF THE HUMANE EDUCATION TRUST

**www.naturebased.education**

Kopiereg : The Humane Education Trust

## Verander die wêreld van Finnegan Vis

Mense praat soms van ’n “voëlvlug-perspektief” – om alles te sien wat onder aangaan en van bo af, byvoorbeeld uit die boomtoppe.

Maar wat van ’n visoog-perspektief – om die wêreld deur water te sien?

Wel, ek’s ’n goudvis en ek sien die wêreld om my vanuit ’n visoog-perspektief, so laat ek jou vertel van die dag toe ’n jong mens in my gesigsveld gekom het – en my lewe vir altyd verander het.

Ek het hom daar sien sit terwyl hy in die ontvangskamer gewag het vir Dr D, die tandarts, om van die kamer langsaan sy naam te roep. Hy het die hele tyd na my gestaar.

Dit was asof hy hom verwonder het aan my wat so rond en rond swem in my glasbak wat op die tafel in die ontvangskamer gestaan het, saam met en ’n klomp tydskrifte vir pasiënte om na te kyk terwyl hulle wag vir hulle beurt in die tandarts se stoel.



Terwyl hy so staar, het ek vlugtig ‘n titseltjie opgewondenheid gevoel en my stert geswaai om so ‘n bietjie te spog.

Toe kom Dr D by die kamer in.
“Finn?” het hy gesê.

Finn het opgespring en Dr D gevolg na die kamer met die leunstoel en waar al die instrumente vir tande gehou word, maar ek kon hulle nog steeds hoor gesels.

“Het goudvisse tande?” het ek Finn gehoor vra.

“Ek weet nie,” het Dr D geantwoord. “Ek het nog nooit daaraan gedink nie.”

Toe sê hy: “Maak wyd oop! Laat ek na jou pêrelwit tande kyk, en as jy niks gaatjies het nie, het ons dalk nog tyd om op die internet te kyk of goudvisse ook tande het.”

Alles was tjoepstil toe Finn sy mond oopmaak terwyl Dr D sy tande ondersoek het.



Toe hoor ek hom sê: “Mooi so, Finn! Dis duidelik dat jy elke dag geflos en jou tande geborsel het. So, daar’s nou tyd vir ons om uit te vind of Goldie die goudvis tande het – of nie!”

Dit blyk toe – ek hét!  (Wel, natuurlik!)

“Hulle is nie skerp tande om mee te sny of te byt nie,” het Dr D van sy foon af gelees, “maar hulle is breed en plat om mee te maal. Hulle word farinks-tande genoem en is baie soos jou kies-tande. Jy kan gerus jou vinger in die water druk as jy wil, dan sal jy dalk ’n sagte knibbel voel.”

“Wat eet Goldie?” het Finn gevra.

“Wel, ek het visvlokkies in hierdie bottel wat ek by die troeteldier-winkel gekry het. Dis nou tyd vir sy ontbyt, so vat ’n klein bietjie en gooi dit in die water.”

Ek het na die bokant van die bak toe geswem, gereed vir eet.

“Sjoe!” het Finn uitgeroep, “hy’s baie honger! Kyk hoe vinnig sluk hy die vlokkies in!”



“Kom ons kyk wat het ons nog in gemeen met Goldie – behalwe tande en ’n goeie eetlus,” het Dr D gesê terwyl hy van sy foon af lees.

“Blykbaar onderskat ons die intelligensie van goudvisse. Hulle is gevoelvol en sensitief, wat beteken hulle kan pyn en ellende en plesier en tevredenheid voel. Hulle het ’n goeie geheue, kan hul versorgers herken en kan aanvoel wanneer dit voertyd is. Hulle is nuuskierig en hou daarvan om plekke te hê waarin hulle kan wegkruip.”

Dr D het van sy foon af opgekyk.

“Wel,” het Finn gesê, “in daardie geval moet ons hom uit daardie bak kry, want daar’s absoluut geen plek om weg te kruip nie. Dit moet ’n verskriklike marteling wees om vasgevang te wees in die leegheid van ’n ronde visbak!”

Dr D het geknik. “Ja, ek stem saam. Weet jy Finn, jy het my bewus gemaak van iets waaraan ek nog nooit voorheen gedink het nie. Elke keer as ek nou na Goldie kyk, gaan ek dink: ‘*Ai tog! Kom ons kry jou daar uit!*’ ”

Wel, laat ek julle vertel, liewe Lesers, nie Dr D of Finn kon my glimlag sien nie. Ons visse wys mos nie emosies op ons gesigte soos mense doen nie. Daarom dink mense omdat ons emosies nie sigbaar is nie, het ons glad nie emosies nie!
Maar glo my, ek het op my eie manier geglimlag.

Hulle was besig om nog meer inligting op Dr D se foon te bestudeer.

"Net omdat visse nie ore het nie, beteken dit nie hulle is doof nie," het Dr D gesê. "Blykbaar oortref 'n vis se interne gehoororgaan, in sommige opsigte, ons eie gehoor, want party visse kan baie meer klanke hoor as wat ons kan."



Net toe kom Finn se ouers hom haal.

“Jy het ’n toekomstige igtioloog hier met Finn,” het Dr D glimlaggend gesê.

“’n Wat?” het hulle tegelykertyd gevra. Hulle het verder gesels en die hele tyd na my gestaar, en ek het geleer dat ’n igtioloog ’n wetenskaplike is wat visse bestudeer. As hulle maar net geweet het! Daar is soveel meer wat my besonders maak – maar ek het geen manier gehad om dit vir hulle te vertel nie.



**‘n Paar dae later....**

En dit was nie lank daarna nie, vanuit my visoog-perspektief, toe het ek weer vir Finn gesien. Hy en sy pa en Dr D het koppe bymekaar gesit en saam aan iets gewerk op die tafel reg langs my bak.

Toe kom ’n verskriklike belewenis!

Dr D het ’n klein netjie in my bak gedruk. Ek het my amper doodgeskrik toe hy my uit die water skep.



Maar toe is ek byna onmiddellik weer saggies teruggesit in water – maar hierdie keer, soos ek toe uitvind, het ek geswem in wat my nuwe tuiste sou wees: ’n wonderlike groot glastenk met suurstofborrels en waterplante en klippies op die bodem en leë skulpe waarin ek kon wegkruip en selfs ’n speelgoedskip wat lyk soos ’n wrak op die bodem van die oseaan.

**Tyd gaan verby...**

Deesdae het Dr D my betroubare vriend geword. Hy’t my ook ‘n nuwe naam gegee. Ek is nou Finnegan Vis. Hy vertel vir al sy pasiënte dat dit in baie lande verbied is om goudvisse in ’n klein ronde bak te hou, omdat dit onmenslik is om ’n vis so aan te hou. En dit ís. Ek kan daarvoor stem.

Maar nou... *Sjoe, ek het nou net die beste lewe!*

*“Wag ‘n bietjie, wag net so ’n bietjie,” sê Dr D. “Jy het ook ’n vriend nodig om jou geselskap te hou...”*



**Belangrike insigte vir klasbespreking**

- Elke lewende wese ervaar die wêreld anders
- Om ander te verstaan help ons om vriendeliker te wees
- Diere het gevoelens en behoeftes, net soos ons
- Klein veranderinge in hoe ons dink kan ’n groot verskil maak

## 'ons' en 'hulle'





**Wetenskaplikes het vroeër gedink dat slegs mense gevoelens het en daarom diere uit ons Sirkel van Gevoelsvermoë uitgesluit.**

**Nou weet ons beter...**

**in plaas van 'n "ons" en "hulle" denkwyse, laat ons daarna streef om alle wesens in 'n universele sirkel van gevoelsvermoë, sorg, respek en deernis in te sluit.**

## Onthou...

**'hulle', net soos 'ons' is gevoelvol...**



Hierdie storie word opgedra aan

**World Aquatic Animal Day**

op 3 April, jaarliks



THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

NatureBased EDUCATION
A DIVISION OF THE HUMANE EDUCATION TRUST

**www.naturebased.education**